Rekeningkunde Graad 10

Opdrag 8

Datum uit: 12 Augustus 2020 Datum in: 19 Augustus 2020

Naam:)_____ Klas:_____

Oefening 8R

Die rekenpligtige tydperk van Ndumiso Handelaars eindig jaarliks op 30 Junie. Gebruik die Vooraansuiweringsproefbalans en die aansuiwerings om die volgende in die boeke van Ndumiso Handelaars te doen:

1. Stel die Handelsrekening en die Wins-en-verliesrekening op.
2. ~~Stel die Na-afsluitingsproefbalans op.~~

➳ **Die enigste twee grootboekrekeninge wat jy gevra is om op te stel, is die Handels- en die Wins-en-verliesrekening. Ons beveel egter aan dat jy T-rekeninge van al die grootboekrekeninge wat deur die aansuiwerings geraak word, ruweg opstel. T-rekeninge vergemaklik die logiese beredenering en bevorder akkuraatheid. Dit is 'n goeie gewoonte om vroegtydig aan te leer.**

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN NDUMISO HANDELAARS OP 30 JUNIE 20.2

	Fol.	Debiet		Krediet	
Balansstaatrekeninge-afdeling					
Kapitaal	B1			380 370	–
Onttrekkings	B2	61 014	–		
Grond en geboue	B3	300 000	–		
Voertuie	B4	180 000	–		
Toerusting	B5	90 000	–		
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B6			111 600	–
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B7			42 150	–
Handelsvoorraad	B8	34 770	–		
Debiteurekontrole	B9	35 421	–		
Bank	B10	5 427	–		
Wisselgeld	B11	450	–		
Krediteurekontrole	B12			35 400	–
Vaste deposito	B13	24 000	–		
Nominale rekeninge-afdeling					
Verkope	N1			676 863	–
Koste van verkope	N2	371 925	–		
Debiteureafslag	N3	7 398	–		
SDR-heffings	N4	1 896	–		
Salarisse en lone	N5	129 528	–		
Versekering	N6	6 045	–		
Huurinkomste	N7			31 122	–
Telefoon	N8	4 158	–		
Skryfbehoeftes	N9	4 035	–		
Oninbare skulde	N10	1 026	–		
Rente op vaste deposito	N11			1 800	–
Water en elektrisiteit	N12	4 866	–		
Korting toegestaan	N13	1 653	–		
Korting ontvang	N14			3 249	–
Eiendomsbelasting	N15	8 280	–		
Advertensies	N16	10 662	–		
		1 282 554	–	1 282 554	–

Aansuiwerings en ander inligting

1. M. Philani se skuld van R588 moet afgeskryf word.
2. 'n Bykomende versekeringspolis is op 1 April 20.2 uitgeneem en die jaarlikse premie van R1 872 is op dieselfde dag betaal.
3. 'n Gebou word sedert 1 Mei 20.1 aan B. Bach teen R2 394 per maand verhuur.

4. Ingesluit by die totale betaling vir advertensies is 'n bedrag van R2 040 ten opsigte van 'n sesmaande-kontrak wat op 30 September 20.2 verval.
5. Die Vaste deposito-rekening lyk só:

Dt. VASTE DEPOSITO B13 **Kt.**

20.1 Jul.	1	Saldo	a/b	15 000	–						
20.2 Feb.	1	Bank	KBJ	9 000	–						

Albei bedrae is teen 12% per jaar rente belê.

6. Waardevermindering moet op voertuie teen 20% per jaar op kosprys en op toerusting teen 10% per jaar op die verminderde saldo bereken word.
7. Die telefoonrekening vir Junie 20.2 is ontvang, maar nie betaal nie, R369.
8. Die eienaar, C. Ndumiso, het handelsware uit die voorraad teen kosprys vir eie gebruik geneem, maar geen inskrywing is hiervan gedoen nie, R600.
9. 'n Tjek vir R300 wat die onderneming aan die plaaslike hoërskool as 'n donasie gestuur het, is per abuis teen die Onttrekkingsrekening gedebiteer. Verbeter die fout.

Handelsrekening

Datum	dag	Besonderhede	fol	Bedrag	Datum	dag	Besonderhede	fol	Bedrag

Wins en verlies

Datum	dag	Besonderhede	fol	Bedrag	Datum	dag	Besonderhede	fol	Bedrag